WAT IS DAGGA?

Dagga kom van die hennop plant wat normaalweg groen van kleur is. Die blom word gerook. Dit bevat chemikalië wat die brein, longe en hart affekteer; en vertraag die Sentrale Senu-stelsel. Dagga kom in baie vorme en kan óf droog wees, óf klam, óf saamgepers.

TRC – die grootste chemiese element – is die kragtigste bestanddeel van dagga en kan in die liggaam vir weke bly, gestoor in die vet.

HOE GEBRUIK JY DIT?

Dit word dikwels met tabak of Mandrax gerook, as 'n "whitepipe" of "joint". Die algemeenste vorm is as dit verkoop word as 'n "stop"(1 gram in koerantpapier gerol).

Dit kan óf gerook, geëet óf gesluk word.

Somtyds verkies mense om dit in 'n pyp, of gemeng met Mandrax, te rook; of in 'n bottelnek (whitepipe).
Dit kan ook gebroei word in tee; of in kos gemeng; geëet as 'n muffin koekie – genoem "space cakes" of "dagga koekies"

SIMPTOME

- Bloedbelope rooi oë
- Aptyt vermeerder
- Lomerigheid
- Aanhoudende gehoes

- Droë mond
- Buierigheid
- Paranoia

WAT IS DIE UITWERKING?

- Vals self-vertroue
- Geheue verlies
- Afname in konsentrasie
- Depressie
- Praatsiekte
- Afsydige en onrealistiese gevoelens

Langtermyn gevolge sluit in:

- Verslaafdheid
- Gevaar vir essensiele organe
- Negatiewe sosiale gedrag
- Angs– en paniekaanvalle
- Verlies van vrugbaarheid
- Toenemende risiko van longkanker
- Verminderde teenstand teen infeksie
- Fetale abnormalieteit
- Afname in motivering en inmuunstelsel funksies

WAARSKUWING!

Deesdae kan handelaars jou “hook” met nagemaakte produkte!

Dagga word kunsmatig gekweek (toegedek met sterk ligte om ’n vinnige opbrengs te oes). Die resultaat is dat die TRC* vlak SES maal kragtige is as die normaal-geweekte dagga. Dit maak dié dagga meer gevaarlik en kragtig!

Bo-op is daar ‘n sterk groepering mense wat van mening is dat dagga gewettig moet word! Hulle beweer dit is nie so gewoontevormend as nikotien of alkohol nie!

Lees weer die nagevolge en simptome, en dan oordeel **JY!**

* Tetrahidrocannabinol

Is dit die moeite werd om met jou gesondheid te dobbel?

Kies jou bestemming - Moenie jouself vernietig nie!

LEEF REG

BLY WEG!

Alcohol and Drug Concerns-Cape
Non-Profit Organisation
Registration No: 000–618
16 Drogheda Road, Golflinks Estate,
Wynberg, 7800
Tel: 021 797 0583 Fax: 021 762 4235
Email: adccape@telkomsa.net

Alcohol and Drug Concerns-Transvaal
Non-Profit Organisation
Registration No: 009-780
5 Hammond Road, West Turffontein
Johannesburg
Tel: 011 433 2372 Fax: 011 433 2760
Email: charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za

DIE WREDE FEITE OOR

DAGGA

Uitgereik as ‘n hulpbron om ‘n meer gesonde dwelmvrye lewe te geniet teenoor dit van ‘n dwelmslaaf.